



H – WKOD-riglyn: Hantering van die veiligheid van opvoeders met komorbiditeit.

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinerings	H – WKOD-riglyn: Hantering van die veiligheid van opvoeders met komorbiditeit.	
H – WKOD-riglyn	Uitgereik: 17 Julie 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word.

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:



BK Schreuder

Datum: 17 Julie 2020

H – WKOD-RIGLYN: HANTERING VAN DIE VEILIGHEID VAN OPVOEDERS MET KOMORBIDITEITE:

1. Doel

- 1.1. Om riglyne te verskaf aan prinsipale en skoolbestuurspanne vir die hantering van kwesbare opvoeders gedurende die Covid-19-pandemie.
- 1.2. Dit identifiseer ook die risikofaktore vir ernstige Covid-19 en die ernstige onderliggende mediese toestande wat, indien teenwoordig, die persoon in 'n hoë risikogroep vir ernstige siekte of sterfte plaas indien die persoon met Covid-19 besmet word.

2. Direktiewe en ooreenkomste

- 2.1. Ingevolge die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys (RAVO) se Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2020, van 30 Mei 2020, moet die kollektiewe proses gevolg word vir werknemers met 'n komorbiditeit (COVID-19). Hierdie kollektiewe ooreenkoms se doel is om 'n toegewing aan opvoeders te maak wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) in diens geneem is en wat geraak word weens risikofaktore vir ernstige Covid-19.
- 2.2. Neem asseblief kennis dat die direktiewe wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie in Omsendbrief 11 van 2020, van 20 Maart 2020, uitgereik is, van toepassing is op werknemers wat ingevolge die Staatsdienswet, (SDW), 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig, in diens geneem is.

3. Toegewings aan opvoeders met komorbiditeite

- 3.1. Opvoeders met enige toestand wat hom of haar blootstel aan 'n hoër risiko om komplikasies op die doen as hulle met Covid-19 besmet word en werknemers wat 60 jaar oud en ouer is met 'n komorbiditeit, kan aansoek doen om 'n toegewing om tuis te werk.
- 3.2. "Om tuis te werk" beteken dat die opvoeder oor e-leer- en e-administratiewe vermoëns beskik, ingeslote data en toerusting, en die nodige onderrighulpbronne.
- 3.3. Opvoeders wat nie tuis kan werk nie, moet by die skool aanmeld; maar, bykomende risikomaatreëls moet oorweeg word om die oordragisiko by die werkplek te verminder.
- 3.4. Toegewings wat gemaak is, sal net van toepassing wees vir die duur van Waarskuwingsvlakke 3 en 2 van die nasionale ramptoestand as gevolg van die Covid-19-uitbreking.

4. Die prinsipaal se verantwoordelikhede

- 4.1. Om risikofaktore vir ernstige Covid-19, ingeslote komorbiditeite, te identifiseer:
- 4.1.1. Dit is belangrik dat skole opvoeders wat vir toegewings kwalifiseer, identifiseer.
- 4.1.2. In 'n brief (Verwysing: Covid-19/2020523) van 23 Mei 2020, het die Hoof van die Departement in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) versoek dat opvoeders met komorbiditeite 'n aansoek om 'n toeweging by hulle prinsipale indien saam met 'n volledige mediese verslag van hulle mediese praktisyn, asook 'n plan wat voorstel hoe hulle kan voortgaan om te werk. Die individuele risikoassesseringsvorm, deel van RAVO, Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2020, word steeds vereis vir diegene wat nie hierdie proses voltooi het nie. Die WKOD sal die aansoeke wat reeds ingedien is, oorweeg.
- 4.1.3. Opvoeders met komorbiditeite en diegene wat 60 jaar oud en ouer is sal tuis bly teen volle betaling, onderworpe aan die individuele risikoassesseringsvorm en ander vereistes waaraan daar voldoen moet word.
- 4.1.4. Opvoeders met komorbiditeite en diegene wat 60 jaar oud en ouer is wat by die skool wil aanmeld, mag dit doen in ooreenstemming met die prinsipaal en na reëlings vir toepaslike veiligheidsmaatreëls getref is.
- 4.1.5. Die prinsipaal en die opvoeder moet instem oor hoe die onderliggende mediese toestand of komorbiditeit tegemoetgekom kan word. Indien daar geen sodanige ooreenstemming is nie, sal die griefprosedure in Hoofstuk G van die Personeel Administratiewe Maatreëls (PAM)-dokument gevolg word.

5. Klassifisering vir toeweging

- 5.1. Die volgende mediese toestande en komorbiditeite, soos geverifieer deur die Departement van Gesondheid, word gesien as hoë-risiko-kwesbaarheid en mediese bewyse moet verskaf word om te help met die klassifisering van die opvoeder se kwesbaarheid:

HOËRISIKO-KWESBAARHEID
<ul style="list-style-type: none">• O u d e r d o m >60 met een of meer as een siektes/toestande soos gelys.• Ontvangers van vaste orgaanoorplantings.• Mense met besondere soorte kanker of wat immuunonderdrukkende behandeling vir hulle kanker ontvang:<ul style="list-style-type: none">○ Ondergaan aktiewe chemoterapie of radikale radioterapie vir longkanker.○ Bloed- of beenmurgkankers, soos leukemie, limfoom of miëloom wat in enige stadium van die behandeling is.○ Immunoterapie of ander voortgesette teenliggaambehandelings vir

kanker.

- Geteikende kankerbehandelings wat die immuunstelsel kan beïnvloed, soos proteïenkinase-inhibeerders of poli ADP-ribose polimerase (PARP)-inhibeerders.
- Mense wat beenmurg- of stamseloorplantings binne die laaste ses maande gehad het, of wat steeds immuunonderdrukkende middels gebruik.
- Mense met ernstige respiratoriese toestande, ingeslote sistiese fibrose, ernstige en onstabiele asma en ernstige chroniese obstruktiwe longsiekte (COPD), of huidige aktiewe longtering.
- Mense met seldsame siektes en aangebore metabolisme-afwykings wat die risiko van infeksies aansienlik kan vermeerder (soos erge gekombineerde immuungebreksiektes (SCID), homosigotiese sekssel).
- Mense wat immuunonderdrukkende terapieë ondergaan, genoeg om die risiko van infeksie aansienlik te vermeerder.
- Mense wat gematig of afwisselend immuunonderdruk is.
- Swanger vrouens met betekenisvolle hartsiektes, aangebore of verworwe.
- Chroniese longprobleme (matige tot ernstige asma, tuberkulose (TB) wat voorheen probleme veroorsaak het, ens.) Pulmonêre TB – onbehandel of in vroeë behandelingstadium en wie nie die intensiewe fase of eerste twee behandelingsmaande voltooi het in ooreenstemming met die nasionale Departement van Gesondheid se Standaardbehandelingsriglyne nie. Asma wat behandeling met groot dosisse Inhalasie-kortikosteroïede (ICS), plus 'n tweede kontroleerder (en/of sistemiese kortikosteroïede) benodig om te verhoed dat dit “onbeheer” raak of wat “onbeheer” bly ten spyte van hierdie terapie.
- Bevestigde kliniese diagnose van kongestiewe hartversaking of ander ernstige kardiovaskulêre siektes.
- Ernstige hipertensie: sistoliese BP ≥ 180 mmHg en/of diastoliese BP ≥ 110 mmHg.
- Gematigde hipertensie: sistoliese BP 160 – 179 mmHg en/of diastoliese BP 100 – 109 mmHg.
- Bevestigde serebrovaskulêre siektes, ingeslote beroerte, en verbygaande iskemiese aanvalle.
- Ernstige oorgewig (LMI >40).
- Onderliggende mediese toestande, veral as dit nie goed beheer word nie, soos Tipe II Diabetes Mellitus (HBA1c $\geq 7.5\%$ binne die laaste ses maande); chroniese niersiekte met 'n eGFR < 45 ; of lewersiekte.
- Swanger vir meer as 28 weke.

- 5.2. Indien 'n opvoeder 'n toestand het wat nie hierbo gelys word nie en wat na die dokter se mening hierdie opvoeder kwesbaar maak, is 'n motivering van die dokter wat die behandeling doen, nodig.

6. Voltooiing van 'n individuele risikoassesseringsvorm

- 6.1. Elke opvoeder wat aangedui het dat hulle onderliggende mediese toestande of komorbiditeite het, moet die individuele risikoassesseringsvorm invul. (Kyk asseblief Bylae A).
- 6.2. Die individuele risikoassesseringsvorm vir kwesbare werknemers weens Covid-19 moet ingevul word vir elke opvoeder wat ingevolge die SDW, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig, aangestel is, en wat aangedui het dat hulle 'n onderliggende mediese toestand of komorbiditeit het wat hulle in gevaar stel om met Covid-19 besmet te word.
- 6.3. Die opvoeder en bestuurder moet instem oor hoe die onderliggende mediese toestand of komorbiditeit tegemoetgekom kan word.
- 6.4. 'n Mediese verslag deur sy of haar dokter wat dit behandel, word vereis wanneer die individuele risikoassesseringsvorm ingevul word. Die volgende besonderhede moet by die verslag ingesluit word:
- Die naam en kwalifikasie van die mediese praktisyn wat die sertifikaat uitreik.
 - Sy of haar kontaknommer en spreekkameradres.
 - 'n Behoorlike praktyk- en registrasienommer.
 - Covid-19-bewys van komorbiditeit moet verklaar word; dit moet 'n beskrywing van die mediese toestand/komorbiditeit insluit, hoe lank al die mediese praktisyn die opvoeder vir die mediese toestand/komorbiditeit behandel, die behandeling wat op die opvoeder toegepas word en die risiko waaraan die opvoeder blootgestel word.
- 6.5. Die bogenoemde is uiteengesit in RAVO, Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2020 van 30 Mei 2020.

7. Aansoekproses

- 7.1. Die aangehegte individuele risikoassesseringsvorm vir kwesbare werknemers moet ingevul word deur beide die opvoeder en bestuurder en met mediese bewyse soos volg voorgelê word:
- Alle opvoeders en ondersteuningspersoneel by opvoedkundige inrigtings moet dit aan hulle kringbestuurder voorlê.
 - Alle distriksamptenare moet dit aan hulle distriksdirekteur voorlê.
 - Alle amptenare by Hoofkantoor moet dit aan die Hoofdirekteur: Mensebestuurspraktyke voorlê.

- 7.2. 'n Toegewyde taakspan wat deur Hoofkantoor aangestel is, sal leiding gee oor die toepaslikheid van mediese bewyse as daar onsekerheid is en indien dit nie ooreenstem met die komorbiditeitsklassifikasies wat voorsien is nie. Die taakspan sal ook leiding gee oor die toepaslikheid van die tegemoetkoming van die vermelde mediese toestand of komorbiditeit as daar onsekerheid is.
- 7.3. Alle aansoeke wat geweier is en aansoeke van toestande wat nie op die tabel hierbo verskyn nie sal aan die Gesondheidsrisikobestuurder vir sekondêre sifting voorgelê word om te bevestig dat die belange van beide die werknemer en werkgever tegemoetgekom word.
- 7.4. Die opvoeder moet toegelaat word om voort te gaan om tuis te bly en/of te werk teen volle betaling terwyl hulle wag op die uitslag van die Gesondheidsrisikobestuurder of 'n gesondheidskundige.
- 7.5. Alle inligting oor die proses asook mediese bewys wat voorgelê is, moet uiters vertroulik hanteer word om die opvoeder se privaatheid te respekteer en om diskriminasie of stigmatisasie te verhoed.

ooo